PE HOOGLAND

Geloof deur liefde tot dade

21 Mei 2023 | 041 367 1485 | info@pehoogland.co.za | www.pehoogland.co.za

Baie welkom by Pinkster 2023 @ Hoogland

21 - 25 Mei om 17:00 Buffelsfontein & 18:30 Kerkgebou

Oesfees: Bring asseblief enige ekstra warm klere, komberse, wintergoed en blikkies kos saam na die Pinksterbyeenkomste of kom gee dit gedurende die week by die kerkkantoor af.

Boeke-uitstalling: deur Gina Erasmus sal in die Voorhuis wees.

Sop: Kuier lekker saam om 'n warm beker sop *VÓÓR* elke aand se byeenkoms in die Voorhuis.

Pinksterfees: Sondag, 28 Mei om 09:00 – Pinkster word met 'n feestelike tee-geleentheid afgesluit direk na die erediens in die Voorhuis. Kom kuier gerus saam op Pinkstersondag!

Baie Welkom : Program van die dag

09:00 Oggenddiens: Ds Pieter Nel
10:00 Geloofsvormingsgroepe in hulle onderskeie lokale
17:00 Pinkster @ Buffelsfontein
18:30 Pinkster @ Hoogland

Deurkollekte: Harversters Ministries

Program vir die Week :

Dinsdag: 23 Mei
14:00 Vroue Bybelstudie
Woensdag: 24 Mei
GEEN B'fontein Bybelstudie
GEEN Gemeente Bybelstudie
Vrydag: 26 Mei
05:15 Mannebediening

PINKSTER 2023
So. 21 Mei tot Do. 25 Mei
17:00 @ Buffelsfontein / 18:30 @ Hoogland

Snap here to pay
SnapScan

Bankbesonderhede

NG Kerk PE Hoogland
ABSA
Rek - 1400 149 980
Takkode - 632005

Zapper

Maak gerus van een van hierdie metodes gebruik vir u dankoffers en Sondag kollektes:

Pinkster 2023 dankoffers gaan vir Bybelverspreiding.

Avontuurweek @ Lorraine - Gemeente

Hoogland Kommunikasie

Maak asseblief seker jy bly altyd op hoogte van die nuutste nuusgebeure hier in Hoogland. Daar word op die volgende platforms weekliks met u gekommunikeer:

WHATSAPP - 079 815 9325 Indien u weekliks kommunikasie asook die erediens skakels en die Hallo.Hoogland vanuit die Kerkkantoor wil ontvang, stoor hierdie nommer as 'n kontak en *whatsapp* daarna asseblief u naam & van na hierdie nommer.

Facebook - www.facebook.com/pehoogland Gaan *like* asseblief Hoogland se *facebook*blad vir al die nuutste verwikkelinge.

Instagram - www.instagram.com/hooglandpe Gaan *follow* asseblief Hoogland se *instagram*blad - veral die jongmense!

YOUTUBE - www.youtube.com soek vir PE Hoogland en kry elke week se erediens daar.

WEBBLAD - www.pehoogland.co.za vir alle skakels na eredienste, Hallo.Hoogland, vorms, ens.

Hoogland Noodspens

Die Noodspens is feitlik dolleeg en die nood is groot, veral so in die koue winterweer. Die volgende word benodig -

- 500 g *samp & beans* pakkies
- 1 kg rys
- imana soja vleis
- kits mieliemeel pap
- Pasta
- 2 min noedels
- blikkies *baked beans*
- blikkies vis (tuna/pilchards)
- Grondboontjiebotter
- Seep
- Sjampoe
- tandepasta

Kanker bewusmakings maand: Gedurende Mei dra mens 'n grys strikkie ter ondersteuning van diegene wat gediagnoseer is met brein kanker...

Uit die hart ....

Wat is die een ding in jou huis of lewe wat werklik die lewe vir jou makliker of geriefliker maak? Hoe sal dit wees as jy skielik daarsonder moet klaarkom?

Ons was kort getroud toe ek eendag by die Koöperasie instap en aan 'n gemeentelid wat daar werk, noem dat ek 'n skottelgoedwasser soek. Dit daar gelaat. Dit was seker drie maande later toe ek weer by die Koöperasie draai, dat ek moes hoor die skottelgoedwasser staan reeds in die winkel. Ek is huis toe en my vrou gaan haal, ons het dit op die bakkie gelaai en huis toe geneem. Van daar af weet ek een ding: daardie skottelgoedwasser red my huis en huwelik! As my huis sonder dit moet klaarkom, gaan ons sukkel. (*Disclaimer:* die skottelgoedwasser is een wat die minimum water gebruik!)

So, wat is die een ding in jou huis of lewe wat die lewe werklik vir jou makliker of geriefliker maak?

Ons kyk so maklik vas in hoe gerieflik ons, ons lewe kan maak en dan dra ons onbewustelik daardie behoefte aan gerief in ons navolging van Jesus in. Gerief is ongelukkig nie wat Jesus belowe het toe Hy op aarde was nie. Sy dissipels sou vinnig getuig dat gerief nie in hulle lewe bestaan het nie. Jesus het self gesê dat hy soms nie eers plek gehad het om sy hoof neer te lê nie.
Iets wat ons altyd moet onthou is dat Jesus nêrens 'n maklike of gemaklike lewe vir sy volgelinge belowe het nie. Wat Jesus wel beloof het, is 'n lewe **saam** met Hom. Hy is die Een wat dra en ondersteun deur Heilige Gees wanneer ons self nie meer kan nie.

Op Jesus se hakke kom ons agter dat Jesus ons nie tot gemak roep nie, maar wel om Hom op sy terme te volg. Dit beloof 'n vol lewe. Mag ons deur hierdie Pinksterreeks ons gemak bietjie prysgee en kort op Jesus se hakke volg.

Ds Pieter